Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

6 Maart 2025
Kw. 1 NUUSBRIEF 4

## Tjokkie-kleuters word groot!





Die eerste kwartaal is byna om.

Die Tjokkie-kleuters het baie gespeel, geleer, ervaar, ontwikkel en sommer groot geword!

Hul verdien die ruskansie wat voorlê en is dit ook nodig dat ons juffrouens die batterye herlaai vir 'n splinternuwe kwartaal vol bedrywinghede.













As deel van die Primêre Skool se Grondslagfase val ons onder die Onderwysdepartement en is ons skoolkwartale en vakansiedae dieselfde.

Die skool sluit op Vrydag, 28 Maart om 10:00, waarna daar nie meer toesig is nie. Indien dit vir u geriefliker is hoef u kleuter nie op daardie dag skool toe te kom nie. Mag die vakansie vir u 'n welkome breuk in die roetine wees en mag u waardevolle gesinstyd ervaar.

Die skool heropen op Dinsdag, 8 April.

## Kleuterverslae

Die kleuterverslae word in die laaste skoolweek uitgegee. Vroeg in volgende kwartaal volg ouerafsprake om die nodige kwelpunte te bespreek.

Met die kleuterverslae probeer ons u eerlik inlig rakende u kleuter se vordering en indien nodig word 'n kleuter éérder vroeër as later verwys vir 'n evaluasie. Géén verwysings sal onnadenkend of onnodig gedoen word nie.

Die doel met ons Graad R–kleuters is om hul skoolgereedheid, met die oog op Graad 1, so as moontlik aan te spreek en te bevorder.

# Oueraand

**Donderdag, 8 Mei 2025**

Hierdie is 'n belangrike oueraand waartydens ons u as ouers kortliks en op 'n sinvolle wyse wil bemagtig aangaande sekere vaardighede wat kern-belangrik is vir u kleuter se ontwikkeling.

Op hierdie aand hou ons ook 'n "mini-konsert", elke klas lewer 'n item.

Kom kyk hoe u kleuter se selfvertroue toegeneem het en hoe elkeen hul uitleef op die verhoog!

Hou asseblief hierdie datum oop - ál die Tjokkie-kleuters neem deel.




## Skoolgelde

Baie dankie vir getroue inbetaling van skoolgelde, dit dra by tot die positiewe en suksesvolle funksionering van ons skool.

Ons het groot waardering daarvoor. Probeer asseblief sovêr moontlik dat hierdie belangrike verpligting nie agter raak nie.

## Medikasie

Let asb op: Ons mag ongelukkig geen medikasie by die skool toedien nie en daar mag ook geen medisyne in 'n kleuter se tas wees nie.  U mag wel skool toe kom om dit te bring en self toe te dien.

Baie dankie vir u begrip.



## Departementele boekies

Kwartaal 1 se rooi Departementele boekie moet asseblief voor/op Vrydag 11 April teruggestuur word.


Boekie 2 vir die tweede kwartaal word saam met die kleuterverslae huis toe gestuur.

**Slegs Gr R**

Tjokkies ITEC

## GHOLFDAG 2025

U ontvang vandag in die Briewesakke belangrike briewe aangaande die Gholfdag. Dit is op elke Tjokkie-ouer en kleuter van toepassing, maak asseblief seker dat u dit ontvang, ingelig is en die nodige aandag daaraan gee. Ons waardeer u as Tjokkie-ouer se hulp in die verband.



## Naam-skryf uitdaging



Elke Graad R Tjokkie-kleuter moet sy/haar naam **korrek** kan skryf.

Dit beteken op die manier soos deur die Graad 1 juffrouens goedgekeur.

Saam met hierdie nuusbrief ontvang u ‘n voorbeeld van u kleutertjie se naam, sodat mamma of pappa tuis daarmee kan help, want dit is baie belangrik dat dit reg vasgelê word. Ons hou ook in die 2de kwartaal ‘n naam-skryf week.

**Op Vrydag, 11 April, trek elke kleuter aan soos iets waarmee sy/haar naam begin. Bv. “Bennie” kan soos ‘n “Brandweerman” aantrek of “Bernice” soos ’n “Bytjie”. Wees kreatief en laat u kleuter deel in die pret waarmee op hul name se beginklankies gefokus word!**



## So leer ons tuis



Gebruik die vakansie om u kleuter soveel as moontlik SELF te laat doen, in plaas daarvan om alles vír hulle te doen. Laat hul probeer en leer. Bv. ‘n Bottel oopdraai, ‘n pakkie lekkers oopmaak, hul tas uitpak, ‘n kombersie opvou, die tafel afvee, ‘n broodjie smeer en vele ander veilige takies help verrig.





## Middagsorg

**Dis altyd baie lekker vir die middagsorg kleuters om soms ‘n gesnyde vrug ipv koekies te kry na rustyd.**

**Ouers wat ‘n grootmaat vrugte kombuis toe wil stuur vir die doel is welkom.**

**Baie dankie**






## Tjokkie-bal:

*Op Vrydag, 14 Maart is dit Tjokkiebal en al die personeel is betrokke. Vir daardie Vrydag versoek ons dat alle kleutertjies asseblief voor 16:00 afgehaal sal wees, sodat die Middagjuffrouens ook gereed kan gaan maak vir die aand. Baie dankie*

Ons eerste Karri “geleentheid” is reeds uitgestuur vir die *Eerste Kwartaal se bederfdag - R100*.

*In die volgende maand open nog geleenthede.*

Indien die toep afgelaai is maar die geleentheid nog nie aktief op jou foon is nie stuur asb ‘n epos aan preprim@tjokkies.co.za


**Tjokkies Preprimêre Skool - Bederfdag (1ste Kw)**
R100 per kwartaal is betaalbaar vir Bederfdae.
Let asb: Hierdie betalingsgeleentheid sluit op 28 Maart om 23:00.
...

# Individuele Skoolfoto’s

Die kleuters se individuele skoolfoto’s word vroeg volgende kwartaal geneem.

Pakket: Bestaan uit 1x A5 & 3x Jumbo


Koste: R90.00 per pakket

Datum: Woensdag 9 April & Donderdag 10 April

Drag: Tjokkiedrag, hare netjies (dogtertjies s’n vas)

**Bestelling en betaling** deur middel van Karri.

Open op 10 Maart - sluit op 8 April.





*Indien ons nie u betaling ontvang het nie, aanvaar ons dat die kindjie nie afgeneem moet word nie.*